

TYDLOOS, TOG MODERN

BENODIGDHEDE: Muurbehangsel: 4 bolle DMC Cébélia Nr. 20; kussing: 1 bol DMC Cébélia Nr. 20; vir albei, hekelpen van 1,25 mm.

MATE: Muurbehangsel: Ongeveer 45 x 70 cm; kussing ongeveer 38 x 38 cm.

AFKORTINGS: ks – kettingsteek; kb – kortbeen; lb – langbeen; herh – herhaal; vlg – volgende; dsl – dubbeslagsteek; gs – glipsteek; slgs – sluitglipsteek; sp(s) – spatie(s); blk(s) – blokkie(s); beg – begin; grh – gare rondom hekelpen; oorbl – oorblywende; pat – patroon; vermeer – vermeerder; vermin – verminder; p(s) – picot(s); smst-blk – springmielisteekblokkie.

- – Spasie: 1lb om te begin, *2ks, slaan 2 ste oor, 1lb in vlg st om sp te voltooi.
- – Blokkie: 1lb om te begin, 1lb in elk van vlg 2 ste, 1lb om blk te voltooi.
- ◻ – Springmielisteekblokkie: 1lb in lb, *1ks, 7lb, (soos hieronder uiteengesit) laat laaste lus van hekelpen afval, steek pen in eerste van 7lb, tel gevalde lus weer op, trek lus deur en trek dit flink vas, hekel nog 1ks, 1lb in vlg lb om smst-blk te voltooi.

Smst bokant 2ks of 2lb: Plaas 4lb in eerste ks en 3lb in die tweede.

Smst bokant smst: Plaas al 7 die lb in sluit-st van smst van vorige ry, met 'n ks en 'n lb aan weerskante.

Blokkie bokant smst-blk: Plaas 1lb in lb, 1lb in ks, slaan sluit-st van smst oor, 1lb in vlg ks, 1lb in lb.

Wanneer die agterkant van die werk na

jou wys, moet hekelpen van agter na voor ingestee word, sodat springmielisteekblokkie nogtans na voor wys.

MUURBEHANGSEL


AANWYSINGS: Begin met 381ks, plus 3 draai-ks; draai en plaas 1e lb in 4e ks van af hekelpen.

Volg nou diagram tot einde.

DIAGRAM VIR MUURBEHANGSEL

Sleutel tot diagram

- – spasie
- – blokkie
- ◻ – Springmielisteekblokkie



STOELKUSSING

MIDDELPANT: Dit is vierkantig en word in rye heen en weer gehekel volgens diagram.

Begin met 136ks plus 3 draai-ks.

1e ry: 2ks, 1lb in 5e ks, *2ks, slaan 2ks oor, 1lb in vlg ks tot einde. Raadpleeg nou diagram en voltooi middelstuk daarvolgens, maar moenie gare afknip nie wanneer laaste ry volooi is.

OMRANDING: Word in rondtes gehekel.

Let wel: Die eerste lb van 'n rondte word deur 1kb, 2ks vervang.

1e rondte: Begin by 'n hoek: 1kb in hoek-sp, 7ks, *2lb in dieselfde hoek-sp, (1lb in vlg lb, 2lb in vlg ks-sp) 43 keer, 1lb in vlg lb**, 2lb in hoek-sp, 5ks; herh 2 keer vanaf * en een keer van * tot **; eindig met 1lb in eerste hoek-sp, 1slgs in 2e van 7ks aan begin van rondte.

2e rondte: Gs oor vlg 2ks, *1kb in hoek-sp, 3ks, 1lb tussen vlg 2lb, 3ks, (1kb tussen 3e en 4e vlg lb – d.w.s., tussen die 2lb in ks-sp – 3ks, 1lb tussen vlg 3e en 4e lb, 3ks) 22 keer; herh 3 keer vanaf *, 1slgs in 1e kb van rondte.

3e rondte: 8ks, 1lb in 1e kb van vorige rondte, * 5ks, (1lb in vlg lb, 5ks) 23 keer**. (1lb, 5ks, 1lb) in hoek-kb; herh 2 keer vanaf * en een keer van * tot **; eindig met slgs in 3e van 8ks aan begin van rondte.

4e rondte: Gs oor vlg ks; 3kb in hoek-st, *(3ks, 1kb in vlg 5ks-sp, 3ks, 1lb in vlg lb) 23 keer, 3ks, 3kb in vlg sp, 3ks; herh 3 keer vanaf *; eindig met slgs in 1e kb van rondte.

5e rondte: Soos 3e rondte.

6e rondte: 1kb in hoek-sp, 2ks, 2lb in dieselfde hoek-sp, *5ks, 3lb in dieselfde sp, (1lb in vlg lb, 5lb in vlg sp) 24 keer, 1lb in vlg lb**, 3lb in hoek-sp; herh 2 keer vanaf * en 1 keer van * tot **; eindig met slgs in 2e begin-ks.

7e rondte: Gs oor eerste 2 ste, 1kb in hoek-sp, 2ks, 2lb in dieselfde hoek-sp, *3ks, 3lb in dieselfde sp, (1ks, slaan 1lb oor, 2lb) 50 keer, 1ks**, 3lb in hoek-sp; herh 2 keer vanaf * en 1 keer van * tot **; eindig met slgs in 2e gs aan begin van rondte.

8e rondte: Gs oor eerste 2 ste, *(1kb, 1lb, 3ks, 1lb, 1kb) in hoek-sp, *2ks, (1lb, 3ks, 1lb) in vlg sp, 3ks, 1kb in daaropvlg sp, 3ks; herh vanaf * rondom, maar eindig laaste herh met gs in 1e kb van rondte.

9e rondte: Gs oor eerste st, (1kb, 2ks, 1lb, 1p, 3lb) in hoek-sp, (3lb, 1p, 3lb) in elke 3ks-sp tot hoek; herh rondom, eindig met slgs in 2e begin-ks.

Knip gare af en heg netjies af. ●

DIAGRAM VIR STOELKUSSING

Sleutel tot diagram

- – spasie
- – blokkie

